justchad_cga

# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (6/15)

*Justin Chadwick (27 Februarie 2015)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "The one who follows the crowd will go no further than the crowd. The one who walks alone is likely to find himself in places no one has been before" Albert Einstein***

## DIE BEGROTING

Terwyl die meeste besig is om die begrotingsrede te ontrafel, is ek op 'n baie vol vlug tussen Joburg en Durban na besigheidsklas geskuif. En weereens beland ek langs Minister Nene (hierdie keer het ons mekaar herken – ons was verlede jaar die tyd ook op dieselfde vlug). Dit is interessant om te sien wie besigheidsklas vlieg; Generaal Cele (Adjunk minister Landbou, Bosbou en Visserye) was ook daar. Ons het gesels oppad van die vliegtuig na die bagasieband en hy het genoem dat hy sopas terug gekeer het van Iran, twee weke gelede het die CGA vir DAFF oor die belangrikheid van Iran vir ons uitvoere ingelig asook oor die uitdagings en geleenthede wat die mark vir ons bied. Volgens Adjunk minister Cele is die sake bespreek en sommige van die uitdagings sal binnekort opgelos word.

Terug na die Begroting…. Van die syfers is skrikwekkend: in 2003/4 was die begroting se besteding R328.7 biljoen – in twaalf jaar het dit nou gestyg tot R1.35 triljoen. Die begroting se tekort het oor dieselfde periode gestyg van R29.3 biljoen tot R162.2 biljoen vir 2015/16. 'n Gerekende CGA Raadslid het jare gelede vir my gesê dat daar net twee instansies is wat vir 'n tekort kan begroot, naamlik die regering en die kerk!! Om die begroting op te stel is altyd 'n delikate taak om 'n balans te kry: om iets daar te stel wat die armes gerusstel (as voorbeeld geen verhoging in BTW) maar moet ook groei verseker. Meeste kenners het saamgestem dat Minister Nene se begroting gebalanseerd is – met meeste partye ewe gegrief.

Vir landbou spesifiek is die verbintenis tot die ontwikkelingsektor verwelkom met befondsing vir die herkapitaliseringsprogram en ander inisiatiewe wat daarop gemik is om nuwe toetreders tot die landbousektor op te lei. Toegang vir opkomende produsente tot befondsing sal uitgebrei word in samewerking met die Landbank. Dit was ook goed om te hoor dat die Nasionale Ontwikkelingsplan sentraal vir regeringsbeplanning is, 'n verbintenis wat nie deel was van die Staatspresident se Staatsrede nie.

Ek is seker dat min Suid-Afrikaners sal argumenteer oor die nege strategiese prioroteite wat in die begrotingstoespraak uiteengesit is

*** Oplossing vir die krag-uitdaging** (Amen hoor ek baie van jul sê as jul hierdie lees by kerslig tydens een van Eskom se daaglikse beurtkrag periodes) *** Herlewing van landbou** (nommer twee op die lys – sal landbou die aandag kry wat dit verdien?) *** Voeg waarde by tot die minerale rykdom * Bevorder die Bedryfsbeleids Aksieplan * Aanmoediging van privaat beleggings** (om nie buitelandse belegging in landbou toe te laat nie is teenstrydig hiermee en nommer twee hierbo) *** Verminder konflik in die werksplek** (kan ons asseblief minder arbeidstwis hierdie jaar hê, alhoewel die vakbonde en die regering so ver verwyder is in terme van salarisverhogings dat konflik baie moontlik is) *** Ontsluit die potensiaal van kleiner ondernemings** (met Suid-Afrika se lae posisie in terme van die gemak waarmee besigheid gedoen word, nodig hierdie dringende aandag) ***Ontwikkleing van infrastrukture * Ondersteuning vir die implementering van die Nasionale Ontwikkelingsplan.**

'n Bron van kommer vir die meeste is die trae groei voorspelling vir die komende jaar – ongelukkig "at just 2% the economy will continue to splutter along in a low employment trap".

Nuus dat die dieselkorting onder hersiening is, is ook 'n bron van kommer vir die produsente – dit blyk dat sommige die korting vir ander doeleindes as landbou aangewend het, en hierdie paar veroorsaak nou dat alle produsente die risiko kan loop om die korting te verloor.

## SITRUS SUMMIT – NOG 'n WEEK

OP 11 MAART gaan amper 250 afgevaardigdes in Phalaborwa bymekaar kom om die beste nog Sitrus Summit by te woon. Dit is nog nie te laat om te registreer nie, ons het nog 'n paar plekke beskikbaar en sal graag wil hê dat soveel as moontlik produsente die Summit moet bywoon sodat hul vereniging en hul vereniging se aktiwiteite bespreek kan word. Weereens dankie aan die Platinum Borg – **STANDARD BANK,** die Goue Borg **FPT GROUP,** en brons borge **GRANOR PASSI** en **PPECB**. Fanie Meyer (0828559949 of meyerf@mweb.co.za) het gesê hy kan enige gholfer insluit by sy huidgie spanne – dit is 'n eenmalig geleentheid opm op Suid-Afrika se premier gholfbaan te speel. CRI het 'n uitstekende velddag beplan – kom kyk hoe progressief is die produsente in die Noorde.

## DAAR IS WATER IN DIE DUSI

Geluk aan die CGA Direkteur van KZN Midlands – Mike Woodburn, wat laas naweek se Dusi Kano Marathon voltooi het (Ek is vertroulik ingelig dat hy die hele ent deur sy maat Clemengold se Ali Luaghhor-Clarke gehelp is). Ook geluk aan CGA se Inligtingsbestuurder John Edmonds ('n vorige wenner) wat sy 38ste Dusi voltooi het.

## TWITTER – VORDER TOT BY 100

Dankie aan diegene wat my tot meer as 100 volgers op Twitter gehelp het (Ek het nou 103). Nou het die Proteas en ek die doelpaal verskuif – ek wil nou ook soos AB de Villiers 150 bereik (wat 'n vertoning deur die beste kolwer in die wêreld).